


# *Jamestown > Webersvallei > Jamestown*

## "'n Stukkie van die paradys"

| TYDLYN | KOMMENTAAR |
|---|---|
| **1829:** Eerw PD Lückhoff van die Rynse Sendingkerk, as deel van die Evangeliese Lutherse Kerk, vestig in Suid-Afrika. | Vier Duitse sendinggenootskappe (Keulen, Elbersfeld, Barmen en Wesel) het in 1828 saamgesmelt om die Rheinischen Mission-gesellschaft te vorm. Suid-Afrika is die gunstigste land vir die nuwe sendelinge. Lückhoff was een van die vier Rynse sendelinge wat na Suid-Afrika kom. |
| **1830:** Lückhoff stig Rynse Kerk in SA, spesifiek in Stellenbosch. | Samewerking met die Nederduits-Gereformeerde Kerk; maar funksioneer onder die Stellenbosch Sendinggenootskap. Ds Meent Borchers van die NG Kerk bevestig hom op 6 Januarie 1830. |
| **1831:** Eerste lidmaat van die Rynse Kerk gedoop. | |
| **1834:** Proklamasie vir die vrystelling van slawe. | Vrystelling vind eers in 1838 plaas. Die slawe moes van 1834 – 1838 hul eienaars as "ingeboek" dien en eers daarna was hulle vry. |
| **1846:** Die Rynse Sendingkerk neem volle beheer oor eie sendingwerk in Stellenbosch. | Sendingskool gestig in Stellenbosch, ook vir eerste "buitestasie" soos Sarepta. |
| **1853:** Volgens die grondwet van die Kaapkolonie word gekwalifiseerde nie-rassige stemreg vir manlike persone ingestel. Afgeskaf in 1909, met oog op Uniewording en nuwe grondwet vir SA. | |
| **1858/60:** Rynse Meisieskool gestig in Stellenbosch. | Latere Rhenish High School for Girls. |
| **1883: Eerw Jakob Weber** word op 4 Februarie as die tweede leraar van Rynse gemeente, Stellenbosch, bevestig.<br><br>Weber beklee in sy geboorteland 'n goeie betrekking by 'n handelsfirma en kon 'n ryk handelaar word, maar sy begeerte om sendeling te word laat hom by die Barmen Seminarium vir Teologie registreer. Op Stellenbosch is hy invloedryk en betrokke by sendingwerk, onderwys, jeug- en welsynswerk, en behuising vir bruinmense. |  |
| **1902:** Eerw Jacob Weber vestig met steun van **mnr James Rattray**, sakeman van Stellenbosch, 'n behuisingprojek en skool vir bruinmense op grond, gedeelte van die plaas Blaauwklip, in die veldkornetskap Moddergat, in die Afdeling Stellenbosch. Hierdie nedersetting, 6 km buite Stellenbosch, word die plaas Jamestown. Rattray is sedert 1900 reeds betrokke by die toestaan van verbande vir die aankoop van plaasgrond. |  JAMEST RATTRAY & FAMILY |

<table>
<tr>
<td>1902: Grond word aan bruin families in Jamestown verhuur<br>Volgens ooreenkomste tussen eerw Jakob Weber en mnr James Rattray en die huurder.<br>Huurgeld is £12 per jaar, wat in twee paaiemente van £6 elk op 1 November en 1 Mei per jaar betaal moet word. Die huurtermyn is vir agt jaar, maar die huurkontrak kan met een maand kennisgewing opgesê word.</td>
<td rowspan="2"><br>DUPLICATE<br>I certify that Revenue stamps to the value of £0 16s. 0d. have been affixed to the original hereof and duly cancelled, as by law required.<br>Civil Commissioner.<br>AGREEMENT<br>Entered into Between<br>Rev. Jacob Weber and James Rattray<br>and<br>Abraham Brandt<br>For the Lease of Lot No. 21 of the Farm "Jamestown," District of Stellenbosch.<br>Stellenbosch,<br>1st May, 1902.</td>
</tr>
<tr>
<td>Jamestown bestaan nou uit 25 erwe en 23 erfhouers (huurders).<br>In die Oordrag-ooreenkoms van 1902 tussen Weber, Rattray en die huurder se “Code Of Regulations” [ V.(e) ] word daar melding gemaak van “...the Lessees of the 25 Lots ...</td>
</tr>
<tr>
<td>1910: Die huurders word die amptelike eienaars van hul erwe.</td>
<td>Ná die agt jaar huurooreenkoms, van 1 Mei 1902 tot 30 April 1910 kan die huurder die erf teen vyf sjielings (5s) koop, indien die reëls en regulasies van die kontrak nagekom is.</td>
</tr>
<tr>
<td>1916: Waterregte-ooreenkoms word op 27 Maart 1916 onderteken. (Volgens huidige transportakte is hierdie reëls en regulasies nog geldig.)<br><br>Verskeie van die erwe is reeds onderverdeel en selfs verkoop.<br><br>Uittreksel uit Transportakte van huidige Jamestown-erf:<br>T 047337/09, van 27 Julie 2009: ... “ [Gedeelte 206 (Gedeelte van Gedeelte 40) van die plaas Blaauwklip, nr. 510...] ...<br>C. Onderhewig verder aan die voorwaardes en met die waterregte genoem in die Notariële Ooreenkoms aangaande die waterregte gedateer 27 Maart 1916, waarvan ’n afskrif aangeheg en gemerk “A” aan genoemde Transportakte Nr. 390/1917 gedateer 23 Januarie 1917.”</td>
<td><br>AGREEMENT RE WATER-RIGHTS.</td>
</tr>
<tr>
<td>1924: Die Rynse Kerksaal (Ou skoolsaal) word in Jamestown gebou en ingewy.<br><br><br>Rynse kerklidmaatskap en grondbesit vestig die “kleurlingkarakter” van Jamestown. Ander “buitestasies”, dws buite Stellenbosch is ook in Du Toitstasie, Bottelary, Klapmuts en Vlottenburg gestig.</td>
<td>JAMESTOWN RYNSE KERK - 1924: JAMESTOWN RYNSE GEMEENTE MET DS. JACOB WEBER AGTER IN DIE MIDDEL<br></td>
</tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **1924 – 1961:** Jamestown Rynse Skool. | Vanaf die ontstaan van Jamestown in 1902 tot 1924 moes Jamestowners kerkdienste by die Rynse Sendingkerk in Stellenbosch bywoon. Kinders moes ook die Rynse en ander skole in die dorp bywoon. Met die oprigting van die Jamestown Rynse Kerksaal in 1924, is besluit om die gebou ook as 'n skool te gebruik. |
| **1924 – 1929:** Mej Lizzie Goliat – Eerste prinsipaal van Jamestown Rynse Skool. | Mej Lizzie Goliat begin as eerste prinsipaal en enigste onderwyser die Jamestown Rynse Skool met ongeveer 50 leerlinge van Jamestown en buurplase. Na vyf jaar tree sy egter af. |
| **1929 – 1934**: Mnr Orson Wilschutt neem oor as prinsipaal van die Jamestown Rynse Skool vir die volgende 5 jaar. | Tydens mnr Wilschutt se termyn groei die skool tot 90 leerders, met twee, en later drie onderwysers. Weens siekte tree hy in 1934 af. |
| **1932:** *Burnley AFC* Sokkerklub word in Jamestown gestig. |  |
| **1934 – 1971**: Mnr GJ (Meester Gert) February is vir 37 jaar prinsipaal van die Jamestown Rynse Skool en Weber Gedenk NGK Primêr. | "Meester Gert" speel nie net 'n groot rol in opvoedig in Jamestown nie, maar ook in die wyer kerkgemeenskap, kerk en Sondagskool. Hy word veral onthou vir sy liefde vir sang en musiek. Die skool- en Sondagskoolkore onder leiding van Meester Gert staan gereeld uit by spesiale optredes. |
| **1940:** *Young Gardens AFC* Sokkerklub gestig.<br>Teen die 1950's is die klub reeds goed in Jamestown gevestig. |  |
| **1940's – 1960's:** Die Jamestown *Tiekie-band* vermaak Jamestowners tydens Kersfees, Nuwejaar en ander geleenthede.<br><br>Die oorspronklike lede van die *Tiekie-band* was Frank Africa, Charlie Africa, Sias von Willingh, Dan Jacobs, Joey Christians, Moos Siebritz, Tommy Balters, Klaas Vermeulen en Danna Adonis met Benna van der Rheede as voorloper. |  |

| | |
|---|---|
| **1944:** Die Rynse Gemeente, insluitende die "buitestasies" soos Sarepta en Jamestown, word finaal deur die NG Kerk oorgeneem. |  |
| **1946 – 1984:** Meester AA (Atta) Pool sluit aan by die Jamestown Rynse Skool as onderwyser en eindig sy loopbaan as prinsipaal by Weber Gedenk NGK Primêr. | Van 1946 tot 1971 dien meester Pool die Jamestown Rynse Skool en later Weber Gedenk NGK Primêr asook die wyer gemeenskap as onderwyser en ook Rynse Sondagskool onderwyser.<br>Vanaf 1972 tot met sy aftrede in 1984 dien hy die gemeenskap as prinsipaal van Weber Gedenk NGK Primêr. |
| **1948 – 1991:** Nasionale Party aan bewind in Suid-Afrika. Bevolkingsregistrasiewet, 1950.Groepsgebiedewette, 41/1950, 77/1957 en 36/1966. | Omskrywing van "gekleurde" groepe. Woonbuurtsegregasie, verskuiwing van kleurgroepe, die skepping van 'n Groepsgebiederaad en Departement van Kleurlingsake. Daar was 'n bedoeling om Kleurlinge na die "Kaapse Vlakte" te verskuif, soos Mitchells Plain. |
| **1948:** Die Rynse Sendinggenootskap se bedrywighede word deur die NG Sending Kerk oorgeneem. | Daar bly egter steeds hegte bande tussen die Rynse Kerk en die skool. |
| **1950 – 1962:** Die "Sinkskool" word in gebruik geneem vir ekstra klasruimte. | Weens die tekort aan klasruimte is hierdie eenvoudige kleibaksteen en sinkgeboutjie, met slegs kissies en pale as sitplekke, vir 12 jaar by die "Jamestown Independent Society" gehuur om die st 1- en 2-klasse te akkommodeer. |
| **1950:** 'n Busdiens word tussen Jamestown en Stellenbosch ingestel. | Voor 1950 moes Jamestowners en soms onderwysers die pad na Stellenbosch te voet, fiets, perdekar en selfs agter op 'n *lorrie* aanpak. Slegs 'n handvol Jamestowners het hul eie vervoer besit. Hierdie busdiens bring dus groot verligting aan Jamestowners, onderwysers en besoekers. |
| **1952:** Jamestown word 50 jaar oud. | |
| **1954:** Jamestown Gebedskring word gestig. | |
| **1955:** Die Metodistekerk word in Jamestown opgerig. |  |
| **1957 – 1966:** Bruin skole en kerke in Stellenbosch word veral na Idasvallei en Cloetesville verskuif. Dit raak veral die inwoners van Merrimanlaan en die Rhodes Fruit Farms (in die huidige Die Boord). | In die omgewing van Merriman- en Crozierstrate in die dorpskern, en in die "Vlakte" woon ook talle bruin gesinne. Dié verskuiwings vind ingevolge NP-beleid, die groepsgebiede-wet, plaas. |
| **1959:** Grond word beskikbaar gestel vir 'n "nuwe skool". | In 1959 word 'n stuk grond vir £200 (R400) by die |

| | |
|---|---|
| | Munisipaliteit aangekoop vir die bou van ’n nuwe skool. |
| **1961:** Burnley Krieket Klub gestig. |  |
| **1962:** Weber Gedenk NGK Primêr word amptelik in Jamestown ingewy.<br><br>In 1962 is die ’nuwe’ skool geopen met meester Gert Februarie, wat steeds as prinsipaal dien. Die skool se naam verander na WEBER GEDENK NGK PRIMÊR. Die skool se nuwe leuse, “OPWAARTS en VOORWAARTS” (verteenwoordig deur 2 sierdenneboompies), dui daarop dat die skool se sterk Christelike en akademiese waardes steeds hand aan hand die pad vorentoe aandurf. | <br>Weber Gedenk NGK Primêr Personeel |
| **1963 – 1980:** Die Jamestown Aksiekomitee word deur erfhouers met mnre Henry Busch, Alfred Christians, Abe Davidse, Allen Denyssen, Stephan (Faan) Linders, Davy Lindoor, Danie Williams en Percy Williams gestig. | Hierdie komitee onderhandel namens die erfhouers met die Afdelingsraad oor sake rakende Jamestown. Hulle kry onder andere bystand met die instandhouding van die watersloot en die teer van die hoofstraat, Webersvalleiweg. |
| **1964:** Volgens proklamasie 242/1964 sal die plaaslike gebied van Stellenbosch waarin Jamestown geleë is, voortaan bekend staan as die Plaaslike Gebied van Webersvallei. | |
| **1966:** Volgens die sensusopname is daar nou 54 grondeienaars, 144 woonhuise en 1145 inwoners in Jamestown. | Hiervolgens is daar ook 70 aktiewe boere in Jamestown. Daar woon ook drie blanke gesinne. |

| | |
|---|---|
| **1967:** Jamestown Christelike Snaarorkes.<br><br>Die oorspronklike lede van die Jamestown Christelike Snaarorkes is: mnre A Christians, A Newman, S Adonis, R Africa, E Africa, C Linders, C Africa, K Williams, E Arnolds, B van der Rheede, P Jooste, C September en C Farao. |  |
| **1966/7:** Die Groepsgebiederaad stel voor dat bruinkolle elders in die Wes-Kaap opgeruim word sodat groepsgebiede vir blankes tot stand kan kom. Dit raak ook Jamestown. | |
| **1971:** Mnr Bernhard Williams begin sy onderwysloopbaan by Weber Gedenk NGK Primêr. | |
| **1971:** Jamestown Sokkerklub word gestig. |  |
| **1975: "**Jamestown Flying Club" (Duiweklub) word gestig. | |
| **1976:** Die Erika Theron-kommissie se verslag word gepubliseer. | In hierdie verslag word ook vertel van die bitterheid en hartseer wat bruin mense agv verskuiwings ervaar het. Dié verslag kan as 'n voorloper van die driekamer-parlement beskou word wat in 1983 vir blankes, kleurlinge en Indiërs ingestel is. |
| **1981:** Mnr Bernhard C Williams word prinsipaal by Weber Gedenk NGK Primêr. | |
| **1985:** Jamestown groei. | Volgens die 1985 Webersvallei Struktuurplan-navorsing en -verslag is daar nou 1530 inwoners ( 1519 kleurlinge, twee swart en een Asiër en die res "onbekend"). |
| **1987:** Jamestown kry 'n hoërskool: Lückhoff Nr.2. | Die Ou Lückhoff-skoolgebou word tydelik by die Universiteit Stellenbosch gehuur om van die hoërskoolleerders te akkommodeer terwyl die nuwe skool in Jamestown gebou word. Mnr CM Wyngaardt is in 1987 aangestel as prinsipaal van Lückhoff Nr.2 met 243 st 8-leerders. |
| **1988 & 1989:** Jamestown hou Aarbeifees. | |
| **1989:** Webersvallei word weer Jamestown. | Howard Gordon se betoging**.** |

| | |
|---|---|
| **1991:** Die bevolkingsregistrasie- en groepsgebiedewette, asook die driekamer-parlement, word agv die FW de Klerk inisiatiewe van 1990 afgeskaf, waarna tot 1994 vir nuwe grondwet onderhandel word. | Die implikasie is dat lede van alle rasse, ook blankes, sedert 1991 eienaars in Jamestown kan word. Sedertdien brei die woongebied uit, en'n vulstasie, motoragentskap, aftree-oord en 'n inkopiesentrum verrys. |
| **1991:** Stellenzicht Senior Sekondêre Skool word ingewy.<br><br>Die langverwagte hoërskool open sy deure in Jamestown vir leerders in Januarie 1991 met mnr CM Wyngaardt as prinsipaal. |  |
| Ingevolge die ANC se restitusiewetgewing sedert 1994, kan persone wie se grondregte deur apartheidswetgewing sedert 1913, dws ook ingevolge groepsgebiedewetgewing vervreem is, grondeise instel vir: óf teruggawe van verlore grond óf finansiële kompensasie. | Dis onseker of enige grondeise in Jamestown ingestel is, want daar was nooit 'n "Kleurling-groepsgebied" nie, wel 'n Landelike Kleurlinggebied. |
| **1996:** Daar is nou 1831 Inwoners, waarvan 1683 kleurling, 51 swart, 6 Indiër, 1 blank, en 90 "onbekend" is. | |
| **1999:** Jamestown se eerste amptelike kliniek, die Don and Pat Bilton-kliniek word ingewy. | |
| **2000**: Jamestown Gemeenskapsforum word gestig met mnre Eric Linders, Adrian Stone, Pieter Stone, Daniel Azee, Reggie Moses en Alfred Christians wat die dorp verteenwoordig. | Hierdie forum, in samewerking met die Stellenbosch Munisipaliteit is onder andere verantwoordellik vir die opgradering en beveiliging van die Festivalstraat – speelparkie asook die aanplant van bome langs Webersvalleiweg. |
| **2002:** Jamestown word op 1 Mei 100 jaar oud. | Weens 'n sameloop van omstandighede word daar egter geen noemenswaardige fees gehou om die 100ste bestaansjaar te vier nie. |
| **2009 – 2011:** Rdl Cyril Jooste van Jamestown word Burgemeester (DA) van Stellenbosch Munisipaliteit. | |
| **2010**: Jamestown Erfeniskomitee word gestig. | Die Jamestown Erfeniskomitee is op 20 Mei 2010 in die lewe geroep om die dorp se geskiedenis, stories en argitektuur te dokumenteer en vir toekomstige geslagte te bewaar. |
| **2011:** Die Jamestown bevolking het nou gegroei tot 2840 inwoners met 602 huishoudings. | Volgens die 2011 sensusuitslae woon hier nou 2408 (84.79%) kleurling, 310 (10.92%) blank, 93 (3.27%) swart, 15 (0.53%) "ander" en 13 (0.46%) Indiërs in Jamestown. Die moedertaal van hierdie inwoners is soos volg: 2549 (89.75%) Afrikaans, 213 (7.50%) Engels en 77 (2.75%) ander tale. |
| **2014:** Webers Toerisme Netwerk word gestig. | Die doel van hierdie forum is om ekonomiese geleenthede te skep vir die gemeenskap en ook die dorp te bemark as 'n toerisme attraksie. |

| | |
|---|---|
| **2015:** Jamestown Aarbeifees | Die herlewing van die Jamestown Aarbeifees deur Webers Toerisme Netwerk, in samewerking met Stellenbosch 360. |
| **2015:** Jamestown > Webersvallei > Jamestown<br>*" 'n Stukkie van die paradys "* | Jamestown se eerste amptellike boek word gepubliseer en bekend gestel by die opening van die Aarbeifees op 30 Oktober 2015. (ISBN 978-0-620-68211-4) |




Oorsprong van subtitel: Afgelei van 'n opmerking van APG Söhnge, emeritusprofessor, in Geologie, Universiteit Stellenbosch. *"Sien u die hand van Stellenbosch? Die duim na links is Helderberg, half los van wysvinger Stellenboschberg; middelvinger steek uit links van Botmanskop tot Simonsberg, die vierde vinger raak aan Wemmershoek, en pinkie Middenberg afgestomp kort by Franschhoek; geweldig sterk die palm: Groot-Drakenstein. Die mens prober ontleed hoe die ledemate saamgevoeg is en vergeet straks die simboliek van die geheel: die hand van die Groot Skenker het hierdie paradys geskep."*
Smuts F (red). 1979. Stellenbosch, Drie Eeue, p. 23.